

Versorg : Gesond en Mooi ? Te laat of betyds ?

Tydens die wintermaande is die skadelike UVA – strale van die son minder. A.g.v. weersomstandighede is son blootstelling op jou vel ook minder en dus so ook die skade aan jou vel en veral nuwe (verjongde vel) na velbehandelings.

Velbehandelings soos chemiese afskilfering , laser en krioterapie (vries met vloeibare stikstof) verdun die vel . Die dikte verskil volgens die graad van die spesifieke behandeling . Nuwe, oftewel verjongde vel is meer sensitief vir die skadelike sonstrale . Beskerming deur aanwending met sonskermrome en bedekking van behandelde velareas is soveel makliker in die wintermaande .

Effektiewe sonbeskerming geskied deur die blootstelling op jou vel deur direkte of indirekte bestraling te verminder . Dra van klere wat soveel moontlik dele van jou liggaam bedek verminder die meeste blootstelling teen skadelike UVA strale wat ongelukkig deur glas ook penetreer . Selfs die beste sonskermsrome moet elke 2 tot 4 uurliks aangewend word om werklik effektief te wees .

Sonskade op vel is n voortdurende proses en geskied selfs in die wintermaande en op ouer en dikker vel . Ongelukkig het die skade wat sigbaar is, as ons ouer word , alreeds begin in ons kinderjare . Sonskade ly tot verkleuring en verdikking van vel en vorm so ook sekere skilferige velletsels wat Solare Keratoses genoem word .

Sonskade kan ook velkankers vorm soos plaveiselkarsinoom , basaalsel karsinoom en maligne melanoom . Vroeë diagnosering en behandeling deur uitsnyding

(eksisie) van die velletsels is baie belangrik . **Ekstensiewe uitsnyding en**

veloorplantings is soms nodig in letsels wat laat gediagnoseer is . Maligne

melanoom (moesiekanker) kan ook in jongmense voorkom . Jou vel is die grootste orgaan en dus die meeste blootgestel aan toksiene en vrye radikale wat

ongelukkig geabsorbeer word en so ook siektes en kanker elders anders in jou

liggaam kan veroorsaak . **Gelukkig vir ons is dit die maklikste orgaan om te ondersoek en te behandel.**

www.beaute-sante.co.za